

**8 April**

**3 Johannes:1-15 (OAV)**

**Fokusgedeelte: 3 Johannes:9**

### **Die ek-eerste-gesindheid (2)**

In dié brief van Johannes, wat uit slegs 219 woorde bestaan, blyk dit die skrywer het gehoor dat Diotrefes sy belangrike dienswerk in die gemeente misbruik het. Diotrefes het geweier om enige gesag te aanvaar en om gasvryheid teenoor evangelieverkondigers te betoon.

Waarom het Diotrefes hom nie gesteur aan die skrywer se vorige brief en versoek nie? In vers 9 word die antwoord verskaf, naamlik *omdat hy die eerste wou wees!* Kom ons noem sy probleem 'n *ek-eerste-gesindheid*. Hierdie ingesteldheid van hom het gevolge ingehou vir sy verhouding met die lidmate in die gemeente. Diotrefes wou ten alle koste sy eer en belange beskerm. Die uitdrukking *eerste* (vers 9) benadruk 'n begeerte om "vernaam" te probeer wees. In hierdie geval kan die woord selfs dui op "die liefde om ander te hiet en te gebied", met ander woorde op die drang "om belangrik te wil wees". Die gesindheid spoor iemand aan om dinge te doen en te sê wat eintlik ten doel het om hom of haar te laat geld. Dié verkeerde gesindheid duik baie maal op in ons huwelike, werkskringe en selfs binne ons gemeentes, en gee aanleiding tot hartseer en teleurstelling.

In 3 Johannes:4 lees ons dat die regte gesindheid by onder andere Gaius aanwesig was, naamlik die gesindheid van Jesus Christus. In 1 Johannes 2:6 word gesê dat die wat in Christus bly, ook behoort te wandel soos Hy gewandel het. Gaius het met sy optrede teenoor ander mense bewys dat hy in die waarheid van die Woord wandel. Christus en sy Koningswoord moet die middelpunt wees van my woorde en dade. In ons lewens moet ons stry teen die ek-eerste-gesindheid en hoe langer hoe meer die Christus-eerste-gesindheid aanleer.

*Sing: Psalm 34:6 (1936-beryming) Dr FP Kruger (Thabazimbi)*